Vrydag 1 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 1:1-3, 24-31; Jesaja 44:23-24	Fokusgedeelte: Genesis 1:1; Jesaja 44:24

'n Nuwe jaar in God se wêreld!

Wetenskaplikes verwonder hulle oor hoe briljant die wêreld saamgestel is – alles het 'n doel. Die eerste vers van die Bybel sê Wie se plan dit was!

Die ontstaan van alles – Die keuse waarvoor elke mens staan, is om te glo (Gen. 1:1; Jes. 44:24) dat God in die begin die hemel en die aarde geskep het uit niks; of om te glo dat alles per ongeluk, planloos, sommer uit niks self gebeur het.

Niks is niks. Daarom is dit nie logies om te sê dat die heelal uit eie krag, uit niks, tot iets ontplof het volgens wette wat nie daar was nie. As iets bestaan, moet dit van iewers kom (skepping), of dit moet ewig daar wees (Skepper) – anders kan dit nie bestaan nie.

Skepper en skepsel – Vir God om God te wees (NGB), moet Hy self ewig en onverganklik wees, en moet Hy die mag en wysheid hê om die wêreld uit niks te skep.

- "SKEP" beteken God het nie materie nodig om ander materie te vorm nie.
- "SKEP" beteken ook dat God potensialiteit in materie plaas en wette gee wat nie daar was nie.
- "SKEP" beteken ons as mens kan vanjaar weer ons Skepper eer deur die potensiaal wat Hy in die skepping ingeskep het, te ontdek en binne gestelde grense en wetmatigheid omvorm (Gen. 1:28).

Heidelbergse Kategismus – Sondag 9: Ek glo dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus wat die hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het (a) en deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer (b), ter wille van sy Seun Christus my God en Vader is. (c) Op Hom vertrou ek …

Sing: Psalm 19-1:1-2

Prof. HG Stoker (Henk) (TSP)